# HOOFSTUK 2.

## SUIDWES-AFRIKA WORD 'n MANDAAT VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA, 1919.

### 2.1. DIE VREDE VAN VERSAILLES EN DIE DUITSE KOLONIES.

Die ondertekening van die wapenstilstandsooreenkoms op 11 November 1918 tussen die Geallieerde Moondhede en Duitsland het die gevegte van die Eerste Wêreldoorlog beëindig. Dié stap het groot vreugde onder die oorlogsmoeë wêreldpubliek laat ontstaan, maar is gekenmerk deur 'n wraaksugmanie teenoor Duitsland. [1.] Die ondertekening van die Vredesverdrag van Versailles op 28 Junie 1919 het die Eerste Wêreldoorlog formeel beëindig. [2.] Die onderhandelinge wat die ondertekening van die vredesverdrag voorafgegaan het, het onder andere die posisie van Suidwes-Afrika bepaal.

Vanoor feitlik die hele wêreld het afgevaardigdes van verskeie Geallieerde lande die Paryse Vredeskonferensie bygewoon om 'n nuwe en beter bedeling te skep, sodat 'n soortgelyke wêreldkatastrofe vermy kon word. Op 18 Januarie 1919 het die eerste byeenkoms van sewentig afgevaardigdes in Parys plaasgevind. Die Verenigde State van Amerika, Brittanje, Frankryk, Italië en Japan was die vernaamste moondhede teenwoordig, terwyl twee en twintig ander state ook teenwoordig was. Eersgenoemde vyf moondhede was elk deur vyf afgevaardigdes verteenwoordig, terwyl die res onder die ander twee en twintig state verdeel is. [3.] Die Britse

---

1. H.C. Armstrong: Grey Steel - J.C. Smuts, p.307.

2. I. Goldblatt: History of South West Africa from the beginning of the nineteenth century, p.207.

3. S.J. Schoeman: Suidwes-Afrika onder militêre bestuur, 1915 - 1920, p.180.

afvaardiging by die Vredeskonferensie het bestaan uit veertien lede. Generaals L. Botha en J.C. Smuts het die Unie van Suid-Afrika verteenwoordig. [4.]

Een van die vernaamste probleme wat deur die afgevaardigdes by die Vredeskonferensie opgelos moes word, was die posisie van die eertydse Duitse kolonies. Tydens die oorlog is 'n suksesvolle propagandaveldtog teen Duitsland deur die Geallieerdes geloods. Hulle het beweer dat Duitsland onbevoeg was om sy kolonies te bestuur, veral weens swak administrasie en diskriminasie teen die plaaslike bevolking. Dit het 'n sterk gevoel laat posvat dat Duitsland eenvoudig van sy kolonies moes afstand doen. H. Schnee vat die situasie sŏ saam: "An elaborately planned indictment of Germany's 'colonial guilt' has, in fact, been built up, in the hope of establishing the claim that it would be 'impossible' to entrust my country and nation again with responsibility for the fate of the colonies and of their native populations." [5.]

Dit was dus reeds voor die Vredeskonferensie 'n uitgemaakte saak dat Duitsland sy kolonies moes verloor. Die wyse waarop die kolonies bestuur sou word, het egter 'n ernstige meningsverskil in die Vredeskonferensie ontketen. [6.] Die een groep, waarin drie Britse dominiums, naamlik Suid-Afrika, Nieu-Zeeland en Australië, asook Frankryk sterk verteenwoordig was, was ten gunste van die anneksasie van die eertydse Duitse kolonies. [7.] Die besluit van

---

4. H.C. Armstrong: Grey Steel - J.C. Smuts, p.309.
5. H. Schnee: German colonization. Past and future - the truth about the German colonies, p.49.
6. H.M.J. van Rensburg: Die internasionale status van Suidwes-Afrika, p.5.
7. J.W.F. Pretorius: Die staatkundige ontwikkeling van Suidwes-Afrika met besondere aandag aan die invloed van die bevolkingsgroepe in dié verband, p.8; W.K. Hancock: Smuts - The Sanquine Years, 1870 - 1919, p.507.

die Britse oorlogskabinet in Maart 1917 dat die Britse dominiums toegelaat behoort te word om sekere aangrensende vyandelike gebiede te annekseer, het die groep se siening versterk. [8.]

Die ander groep, onder leiding van president Woodrow Wilson van Amerika, was sterk gekant teen die anneksasie van enige vyandelike gebied. Wilson het in sy beroemde Veertien Punte -toespraak voor die Amerikaanse Kongres op 8 Januarie 1918 veral twee sake beklemtoon. Hy het die beginsels van geen anneksasie en dié van selfbeskikkingsreg voorgestaan en die direkte anneksasie van verowerde gebiede summier verwerp. [9.] Wilson se geen-anneksasiebeginsel is deur Brittanje en Rusland ondersteun. [10.] Wilson se persoonlike adviseurs, G.L. Beer en kolonel House, was egter ten gunste van die Britse dominiums se anneksasie-eise. [11.]

'n Dooie punt is dus bereik en die twee botsende standpunte sou alleenlik deur middel van 'n kompromis versoen word. Die mandatestelsel is gevolglik geïmplementeer. [12.] Die mandaatbeginsel was nie 'n nuwigheid nie en kan so ver as die sestiende eeu teruggevoer word. [13.] Die mandatestelsel, in die sin van "a term applied to the conditions set up by the Treaty of Versailles for the administration of the former overseas possessions of Germany and Turkey", was in wese niks anders nie as 'n gerieflike oplossing vir 'n praktiese probleem van die Paryse Vredeskonferensie. [14.]

---

8. J.P. van S. Bruwer: South West Africa - The disputed land, p.84.
9. H.M.J. van Rensburg: Die internasionale status van Suidwes-Afrika, p.4.
10. P.S. van der Merwe: Die ontwikkeling van selfbestuur in Suidwes-Afrika, 1919 - 1960, pp.1-2.
11. J.W.F. Pretorius: Die staatkundige ontwikkeling van Suidwes-Afrika ..., p.9.
12. I. Goldblatt: History of South West Africa ..., p.207.
13. R.N. Chowdhuri: International mandates and trusteeship systems, p.13.
14. H.D. Hall: Mandates, dependencies and trusteeship, p.30.

Generaal Smuts word algemeen aanvaar as die geestelike vader van die mandatestelsel. Sy voorstelle in dié verband is vervat in 'n pamflet getiteld The League of Nations - a Practical suggestion , wat hy op 16 Desember 1918 aan die Imperiale Oorlogskabinet voorgelê het. Hierdie voorstelle in verband met mandate het nie minder as een derde van die pamfletinhoud gedek nie en was 'n belangrike bydrae tot die Volkebondhandves. Smuts wou die fundamentele beginsels van geen anneksasie en selfbeskikkingsreg toepas ten opsigte van gebiede wat voorheen aan Rusland, Oostenryk-Hongarye en Turkye behoort het. Dit is opvallend dat daar in die Smuts-pamflet nie voorsiening gemaak is vir die akkommodering van die Duitse kolonies in die mandatestelsel nie. [15]

Generaal Smuts het verskeie redes aangevoer waarom die Duitse kolonies buite die mandatestelsel gelaat moes word: Die kolonies in die Stille Oseaan en Afrika is bewoon deur barbare wat hulself nie kon bestuur nie, sodat die toepassing van die selfbeskikkingsreg in die Europese konteks onuitvoerbaar was. Die Nie-Blankes van die betrokke Duitse kolonies kon geraadpleeg word of hulle weer onder die Duitse bestuur wou val. Die resultaat, volgens Smuts, sou egter so voor die hand liggend wees, "that the consultation would be quite superfluous." [16]

Smuts was dus ten gunste van die direkte anneksasie van die Duitse kolonies. Alhoewel president Woodrow Wilson van Amerika nie hierdie siening van Smuts gedeel het nie, het hy hom ná die bestudering van die Smuts-pamflet grotendeels met die inhoud daarvan vereenselwig. [17] Die Smuts-plan het aan Wilson

---

15. W.K. Hancock: Smuts - The Sanquine Years, pp.500-502; L.H. Wessels: Die mandaat vir Suidwes-Afrika, pp.3-4; Vergelyk ook J.C. Smuts: The League of Nations - a Practical suggestion.
16. L.H. Wessels: Die mandaat vir Suidwes-Afrika, p.4.
17. W.K. Hancock: Smuts - The Sanquine Years, p.507.

die geleentheid gebied om die dooie punt in verband met die bestemming van die vyandelike kolonies uit die weg te ruim. Hy het die Smuts-plan feitlik woordeliks in sy Eerste Parysontwerp opgeneem. Die vernaamste verskil tussen die Smutsplan en Wilson se Eerste Parysontwerp was dat die mandatestelsel deur laasgenoemde uitgebrei is om ook die Duitse kolonies te omvat. Dié uitbreiding het veral die Britse dominiums Australië, Nieu-Zeeland en Suid-Afrika geraak, wat die voormalige Duitse kolonies ten alle koste wou annekseer.[18]

Op 24 Januarie 1919 is die toekoms van die Duitse kolonies, veral in die lig van genoemde drie Britse dominiums se eise, bespreek.[19] Die Eerste Ministers van die Britse dominiums het saam met die Raad van Tien, bestaande uit die Eerste Ministers en Ministers van Buitelandse Sake van Amerika, Brittanje, Frankryk, Italië en Japan, vergader. Lloyd George van Brittanje het gewys op die swak Duitse koloniale administrasie en die feit dat die Duitsers 'n uitroeiingspolitiek in Suidwes-Afrika gevolg het. Hy was dus sterk gekant teen die teruggawe van die Duitse kolonies. Hy het drie alternatiewe in verband met die toekoms van die voormalige Duitse kolonies voorgehou, naamlik internasionale administrasie, administrasie deur 'n mandaathouer namens die Volkebond en laastens anneksasie. Lloyd George was ten gunste van laasgenoemde alternatief ten opsigte van Suidwes-Afrika, aangesien daar geen natuurlike grens tussen Suidwes-Afrika en die Unie van Suid-Afrika bestaan het nie. Hy was van mening dat Suidwes-Afrika 'n wildernis sou bly indien die Unie nie die administrasie van die gebied sou onderneem nie.[20]

---

18. H.M.J. van Rensburg: Die internasionale status van Suidwes-Afrika, p.6.

19. S.J. Schoeman: Suidwes-Afrika onder militêre bestuur, p. 182.

20. L.H. Wessels: Die mandaat vir Suidwes-Afrika, pp.6-7.

Generaal Smuts het vervolgens Suid-Afrika se saak gestel en die anneksasie van Suidwes-Afrika op verskeie gronde bepleit. Hy het gewys op die natuurlike geografiese eenheid tussen die twee lande, asook die huiwerigheid van die Britse regering om Suidwes-Afrika in die vorige eeu te annekseer. Dit het tot gevolg gehad dat Brittanje deur Bismarck in 1884 voorgespring is. In sy verdere betoog om anneksasie het hy gewys op die swak Duitse administrasie in die gebied en die veiligheidsgevaar vir Suid-Afrika indien Suidwes-Afrika aan Duitsland teruggegee sou word. Volgens hom het die gebied nie in dieselfde kategorie geval as byvoorbeeld die waardevolle Kameroen en Togoland nie, aangesien Suidwes-Afrika hoofsaaklik 'n woestyngebied is met geen produk van groot waarde nie. Die gebied kon gevolglik alleenlik vanuit Suid-Afrika op 'n doeltreffende wyse bestuur word.[21.] Generaal Smuts was onseker of hy die saak van Suid-Afrika goed gemotiveer het en het hom na die vergadering sō uitgespreek: "I hope I made a good case to South West Africa, but I don't know ... It was like the poor sinning girl's plea that her baby was only a very little one! Not that I consider our claim to South West Africa sinful or wrong."[22.]

Ten spyte van die Britse dominiums se anneksasie-eise, was president Wilson onverbiddellik in sy eis dat die mandatestelsel uitgebrei moes word na die Duitse kolonies wat in besit van die dominiums was.[23.]

Die implementering van die mandatestelsel het 'n dooie punt bereik weens die besluit van die Raad van Tien, op 24 Januarie 1919, naamlik dat Suidwes-Afrika onder beheer van die Unie van Suid-Afrika sou kom, Nieu-Guinea onder Australiese beheer en Samoa onder beheer van Nieu-Zeeland. 'n Kommissie bestaande uit Lord

---

21. J.W.F. Pretorius: Die staatkundige ontwikkeling van Suidwes-Afrika ..., p.9; L.H. Wessels: Die mandaat vir Suidwes-Afrika, p.7.

22. W.K. Hancock and J. van der Poel: Selections from the Smuts Papers, vol. IV, pp.55-56. (J.C. Smuts/M.C. Gillet, 25.1.1919)

23. G.M. Cockram: South West African Mandate, pp.41-42.

Cecil, generaal Smuts en kolonel House het dadelik aan die werk gespring om dié dooie punt uit die weg te ruim. 'n Oplossing is bereik deur 'n kompromis soos vervat in 'n artikel opgestel deur generaal Smuts. Die mandaatgebiede is verdeel in verskillende kategorieë, elk met sy eie bepalings. Dié Smutsresolusie is op 30 Januarie 1919 deur Lloyd George aan die Opperste Raad voorgelê. Dit is uiteindelik aanvaar en later met enkele amendemente as artikel 22 in die Volkebondhandves opgeneem. Volgens artikels 118 en 119 van die Vredesverdrag van Versailles moes Duitsland onvoorwaardelik afstand doen van sy kolonies ten gunste van die vernaamste geallieerde en geassosieerde moondhede. Artikel 22 van die Volkebondhandves het artikel 118 ingesluit. Duitsland moes dus die mandatestelsel en gepaardgaande maatreëls aanvaar. [24.]

Die Smuts-resolusie van 30 Januarie 1919 (artikel 22 van die Volkebondhandves onderskei tussen A-, B- en C-mandate. Die A-mandate is beperk tot gebiede wat afgeneem is van Turkye en dit het Palestina, Sirië, Libanon en Irak ingesluit. Dié gebiede was bewoon deur ontwikkelde mense wat nog onbevoeg was om dadelik onafhanklik te word. Die mandaathouers moes dus aan die inwoners administratiewe advies en bystand verskaf. [25.] Die inwoners en gebiede was dus in so 'n mate ontwikkeld dat hulle binne 'n relatiewe kort tydperk as onafhanklike state erken kon word. Die mandaathouers se primêre taak was om die inwoners van die A-mandate op te voed tot volkome volwassenheid in selfbestuur. [26.]

---

24. H.M.J. van Rensburg: Die internasionale status van Suidwes-Afrika, pp.6-7.

25. N. Bentwich: The mandates system, p.12; P.S. van der Merwe: Die ontwikkeling van selfbestuur in Suidwes-Afrika, p.4.

26. J.W.F. Pretorius: Die staatkundige ontwikkeling van Suidwes-Afrika ..., p.11.

Die B-mandate het die gebiede in Sentraal-Afrika ingesluit wat deur minder ontwikkelde volke bewoon is. Die mandaathouer moes sekere bepalinge nakom tydens die opvoedingsproses, wat na volkome onafhanklikheid sou lei:

- Die vryheid van gewete en godsdiens moes gewaarborg word;
- Handel in slawe, wapens en sterk drank is verbied;
- Geen militêre en maritieme steunpunte mog gevestig word nie
- Militêre opleiding van die inwoners mag slegs geskied het in die lig van hulle eie verdediging;
- Handel en verkeer met die gebiede sou aan alle Volkebondslede op 'n gelyke basis toegestaan word.[27.]

Die C-mandate het die gebiede van Suidwes-Afrika (as prototipe), Nieu-Guinea en die eilande van die Stille Suidsee ingesluit. Die gebiede sou bestuur word as 'n integrale deel van die betrokke mandaathouers, terwyl die waarborge vir die inheemse bevolking dieselfde was as vir die B-mandate.[28.]

## 2.2. SUIDWES-AFRIKA AS C-MANDAAT AAN DIE UNIE TOEGEKEN.

Op 7 Mei 1919 het die Opperste Raad die voormalige Duitse kolonies as mandate aan die onderskeie mandaathouers toegeken. Die bestaande militêre besettings en die geheime verdrae wat voor die ondertekening van die Vredesverdrag van krag was, het die toekenning sterk beïnvloed.[29.] Suidwes-Afrika is as 'n klas C-mandaat aan die Unie van Suid-Afrika toegeken.[30.] Opvallend

---

27. N. Bentwich: The mandates system, p.13; J.W.F. Pretorius: Die staatkundige ontwikkeling van Suidwes-Afrika..., p.11.

28. L.H. Wessels: Die mandaat vir Suidwes-Afrika, pp.9-10; N. Bentwich: The mandates system, p.13.

29. Q. Wright: Mandates under the League of Nations, p.43.

30. R.N. Cowdhuri: International mandates and trusteeship systems, p.72.

is die feit dat B- en C-mandate deur die Opperste Raad toegeken is vóórdat die Volkebond formeel op 10 Januarie 1920 tot stand gekom het.[31.]

Die opstel van die mandaatbepalings is deur die Opperste Raad verwys na 'n kommissie bestaande uit Lord Milner (Brittanje), kolonel House (Amerika), Simon (Frankryk), Crespi (Italië) en burggraaf Chinda (Japan). Die ontwerp-mandaatbepalings vir C-mandate is deur Lord Milner op 28 Junie 1919 aan bogenoemde kommissie voorgelê. Die klas B- en C-ontwerpmandate is formeel op 24 Desember 1919 deur die Opperste Raad aanvaar. Die Raad van die Volkebond het op 17 Desember 1920 sy goedkeuring aan die klas C-ontwerpmandate geheg, nadat regsadviseurs dit in verdragvorm opgestel het.[32.]

Dit is opvallend dat die Unieparlement reeds in September 1919 die Vredesverdrag en Suidwes-Afrika Mandaatwet aanvaar het nog voordat die bepalings van die Suidwes-Afrika mandaat bekend was. Dit het geskied ten spyte van die opposisieleier, generaal J.B.M. Hertzog, se heftige teenkanting. Die mandaatbepalings is op 11 Februarie 1921 deur die waarnemende Sekretaris-generaal van die Volkebond, J. Monnet, aan die Eerste Minister van Suid-Afrika versend.[33.]

Die inhoud van die Suidwes-Afrika mandaat word vervolgens kortliks van naderby beskou. In die aanhef van die Suidwes-Afrika mandaat word genoem dat "a Mandate should be conferred upon His

---

31. G.M. Cockram: South West African Mandate, p.49.

32. R.N. Cowdhuri: International mandates and trusteeship systems, p.80; G.M. Cockram: South West African Mandate, p.49; Q. Wright: Mandates under the League of Nations, p. 48.

33. A. 231 Peter Müller aanwins, vol.4: brief waarnemende Sekretaris-generaal van die Volkebond/Eerste Minister van Suid-Afrika, 11.2.1921, p.1; G.M. Cockram: South West African Mandate, pp.49-51.

Brittanic Majesty to be exercised on his behalf by the Government of the Union of South Africa." Die stelling kon maklik aanleiding gee tot die verkeerde interpretasie dat die Britse koning eintlik die mandaathouer is en dat slegs die bevoegdheid om namens hom op te tree aan die Unie van Suid-Afrika toevertrou is. Paragraaf drie van die mandaataanhef wys egter die onjuistheid daarvan uit, aangesien daar uitdruklik staan dat die Britse koning die mandaat aanvaar "for and on behalf of the Government of the Union of South Africa." In artikel een word dit beklemtoon en word uitdruklik na Suid-Afrika as die mandaathouer verwys. [34.] Die Unie het boonop die Volkebondhandves selfstandig en afsonderlik onderteken en die Unieparlement het die mandaat sonder inmenging van die Britse koning of ministerie aanvaar. [35.]

Volgens artikel twee van die mandaat beskik die Unie oor volle administratiewe en wetgewende bevoegdhede om Suidwes-Afrika as 'n integrale deel te bestuur. Geen poging is aangewend om 'n bepaalde regeringstelsel vir die mandaatgebied voor te skryf nie en die Unie van Suid-Afrika was, na aanleiding van die mandaatooreenkoms, nie wetlik verplig om aan die inwoners van Suidwes-Afrika enige vorm van selfbestuur toe te ken nie. [36.] Suid-Afrika se gesag as mandaathouer oor die gebied was dus byna volkome. [37.]

---

34. A. 231 Peter Müller aanwins, vol.4: brief waarnemende Sekretaris-generaal van die Volkebond/Eerste Minister van Suid-Afrika, 11.2.1921. (bylae: Mandate for German South-West Afrika, 17.12.1920, p.1.); Vergelyk ook H.M.J. van Rensburg: Die internasionale status van Suidwes-Afrika, p.11.

35. H.M.J. van Rensburg: Die internasionale status van Suidwes-Afrika, p.11.

36. A. 231 Peter Müller aanwins, vol.4: brief waarnemende Sekretaris-generaal van die Volkebond/Eerste Minister van Suid-Afrika, 11.2.1921. (bylae: Mandate for German South-West Africa, 17.12.1920, p.2.); P.S. van der Merwe: Die ontwikkeling van selfbestuur in Suidwes-Afrika, 1919 - 1960, p.7.

37. H.M.J. van Rensburg: Die internasionale status van Suidwes-Afrika, p.15.

Volgens artikels twee tot ses van die mandaat was Suid-Afrika se verpligtinge ten opsigte van Suidwes-Afrika die volgende:

- Die materiële en morele welsyn en die sosiale ontwikkeling van die inwoners moes bevorder word.
- Geen slawehandel, dwangarbeid, wapenhandel, drankhandel en militêre opleiding (behalwe vir die plaaslike polisiemag en vir verdediging) moes plaasvind nie.
- Godsdiens- en gewetensvryheid moes gewaarborg word.
- 'n Jaarlikse verslag oor die administrasie van Suidwes-Afrika moes aan die Raad van die Volkebond voorgelê word. [38.]

Artikel sewe bepaal dat die mandaathouer die toestemming van die Raad van die Volkebond moes verkry vir die wysiging van die mandaatbepalings. Die mandaathouer moes daarvolgens, indien enige dispuut sou ontstaan oor die toepassing en interpretasie van die mandaatbepalings, sodanige dispuut aan die Permanente Hof van Internasionale Justisie voorlê. [39.] Opsommenderwys kan dus gesê word "dat die Unie-regering alles ten aansien van Suidwes-Afrika kon doen, behalwe daardie dinge wat in die Mandaat verbied is, en dat hy sekere dinge ten aansien van die gebied moes doen soos in die Mandaat voorgeskryf." [40.]

## 2.3. DIE SOEWEREINITEITSVRAAGSTUK.

Wat die soewereiniteitsvraagstuk betref, het daar verskillende menings bestaan, aangesien sake so gereël is dat daar heelwat

---

38. A. 231 Peter Müller aanwins, vol.4: brief waarnemende Sekretaris-generaal van die Volkebond/Eerste Minister van Suid-Afrika, 11.2.1921. (bylae: Mandate for German South-West Africa, 17.12.1920, p.2.)

39. A. 231 Peter Müller aanwins, vol.4: brief waarnemende Sekretaris-generaal van die Volkebond/Eerste Minister van Suid-Afrika, 11.2.1921. (bylae: Mandate for German South-West Africa, 17.12.1920, p.2.)

40. H.M.J. van Rensburg: Die internasionale status van Suidwes-Afrika, pp.17-18.

ruimte was vir verskillende interpretasies. Die verhouding tussen die mandaathouer en die mandaatgebied en die mate van Volkebondkontrole is nie duidelik omskrywe nie. Artikel 22 van die Volkebondhandves het nie presies die bevoegdheid van die mandaathouer omskryf nie en dit is nooit aan 'n juridiese kommissie vir ondersoek voorgelê nie. Volgens Pretorius was dit "kenmerkend van die halfgebakte wyse waarop in hierdie belangrike saak te werk gegaan is." [41.] As gevolg hiervan het nie minder as tien verskillende teorieë oor die soewereiniteitskwessie ontstaan nie. [42.] Die verskillende teorieë kan kortliks saamgevat word deur te verwys na die onderskeie gesagsinstansies by wie die soewereiniteit oor die mandaatgebied sou kon berus: [43.]

- Die vernaamste geallieerde en geassosieerde moondhede;
- Die Volkebond;
- Die mandaathouer;
- Die inwoners van die mandaatgebied;
- Die Volkebond en mandaathouer gesamentlik.

In die Vredesverdrag van Versailles en die Volkebondhandves bestaan geen bepaling wat aan die Volkebond 'n soewereiniteitsreg oor die mandaatgebiede verleen nie. Die aanwysing van die mandaathouers kan beskou word as 'n beslissende faktor in die bepaling by wie die soewereiniteit berus. Die trusteeskap, wat die Opperste Raad volgens artikels 118 en 119 van die Vredesverdrag van Versailles ontvang het, is daardeur beëindig. Die mandaatbepalings wat deur die Opperste Raad opgestel is, is finaal deur die Volkebond bekragtig. Dit het geïmpliseer dat die mandaathouers hulle voogdyskap in die naam van die Volkebond uitgeoefen het. [44.]

---

41. J.W.F. Pretorius: Die staatkundige ontwikkeling van Suidwes-Afrika ..., pp.13-14.
42. Q. Wright: Mandates under the League of Nations, p.319.
43. Q. Wright: Mandates under the League of Nations, p.319.; R.N. Cowdhuri: International mandates and trusteeship systems, p.230.
44. L.H. Wessels: Die mandaat vir Suidwes-Afrika, p.22.

Die mandaathouers het dus 'n dubbele regstitel - die een is aan die Opperste Raad ontleen en die ander aan die Volkebond. Dit beteken egter nie dat die Volkebond soewerein oor die mandaatgebiede was nie, aangesien die soewereiniteitskwessie reeds deur die aanwysing van die mandaathouers beslis is. Die Volkebond het dus geen soewereine rol gehad nie, aangesien sy funksie beperk was tot toesighouding oor die administrasie van die mandaatgebiede deur die betrokke mandaathouer.[45.]

Die Opperste Raad se trusteeverpligtinge en soewereiniteit is beëindig deur die instelling van die mandatestelsel. Die Opperste Raad is nie in artikel 22 van die Volkebondhandves benoem as nuwe soewerein nie. Daar bestaan twee moontlikhede aan wie die soewereiniteit van die Opperste Raad oorgedra kon word ná die aanwysing van die mandaathouers:

- aan die mandaathouer;
- aan die inwoners van die mandaatgebiede. [46.]

Van Rensburg is van mening dat die soewereine gesag by die mandaathouer berus en beweer: "Vir sover van 'n gesagsposisie in verband met die mandaatgebied sprake is, moet dus aangeneem word dat die gesag ten aansien van die gebied by die mandataris berus." [47.] Die Permanente Mandatekommissie het egter dié teorie verwerp wat tot konstante konflik tussen Suid-Afrika en die Permanente Mandatekommissie gelei het. [48.]

---

45. L.H. Wessels: Die mandaat vir Suidwes-Afrika, p.23.

46. L.H. Wessels: Die mandaat vir Suidwes-Afrika, p.24.

47. H.M.J. van Rensburg: Die internasionale status van Suidwes-Afrika, p.21.

48. G.M. Cockram: South West African Mandate, p.77.

Die Volkebondhandves en die Verdrag van Versailles bepaal nêrens dat 'n mandaathouer oor soewereine bevoegdhede oor 'n mandaatgebied beskik nie. Wessels is dus van mening dat die soewereiniteit aan die mandaatgebied sêlf toegeskryf kan word. Die mandataris se primêre verpligting was gevolglik om sy betrokke mandaatgebied na volle onafhanklikheid te lei. [49]

Na my mening kan die siening van Wessels onderskryf word. Die doel van die instelling van die mandatestelsel was om die direkte anneksasie van die eertydse vyandelike grondgebied te verhoed. Die mandaathouers moes dus as voogde die mandaatgebiede na volkome onafhanklikheid lei, sodat hulle hul plek as soewereine state in die wêreld kon volstaan.

## 2.4. TOESIGHOUDENDE LIGGAME VAN DIE VOLKEBOND.

Die Volkebond het sy taak as toesighouer oor die mandaatgebied deur middel van vyf liggame uitgevoer, te wete die Permanente Mandatekommissie, die Permanente Hof van Internasionale Justisie, die Raad, die Vergadering en die Sekretariaat. [50]

Die konstitusie van die Permanente Mandatekommissie is op 1 Desember 1920 deur die Raad van die Volkebond goedgekeur. Volgens artikel 22, paragraaf 7 van die Volkebondhandves moes die mandaathouers jaarliks verslae aan die Raad van die Volkebond voorlê. Paragraaf 9 maak voorsiening vir die instelling van die Permanente Mandatekommissie wat die verslae moes ontvang en bestudeer. Daarna moes die Kommissie die Raad dienooreenkomstig adviseer. Hierdie kommissie het sy werksaamhede op 4 Oktober 1921 begin. [51]

---

49. L.H. Wessels: Die mandaat vir Suidwes-Afrika, pp.39-41.

50. Q. Wright: Mandates under the League of Nations, p.127; G.M. Cockram: South West African Mandate, pp.104-105.

51. G.M. Cockram: South West African Mandate, pp.104, 106.

Die oorspronklike ledetal van die Permanente Mandatekommissie was nege, waarvan die meerderheid afkomstig moes wees van lande wat nie mandaathouers was nie. Die lede was uitgesoekte individue met besondere ondervinding in die administrasie van koloniale gebiede en mag nie opgetree het as verteenwoordigers van 'n besondere land, of 'n betaalde regeringsamp beklee het nie. Die Kommissie was geen uitvoerende liggaam nie en moes toesig hou oor die administrasie van mandaatgebiede en die mandaathouers van advies bedien. Die toesighouding was gebaseer op die beginsel van wedersydse vertroue. Die Kommissie het minstens twee keer per jaar vergader om die jaarverslae van die mandaathouers te bespreek. Die bespreking het gewoonlik in die teenwoordigheid van 'n aangewese verteenwoordiger van die betrokke mandaathouer plaasgevind. [52.]

Die juridiese beheer oor die administrasie van die mandaathouer is gehanteer deur die Permanente Hof van Internasionale Justisie in Den Haag. Indien 'n geskil sou ontstaan tussen die mandaathouer en enige ander lid van die Volkebond betreffende die interpretasie of die toepassing van die mandaatbepalings, moes dit voorgelê word aan dié geregshof. [53.]

Die Volkebondhandves het bepaal dat die Raad sou bestaan uit nege lede, waarvan vyf permanente setels aan Amerika, Brittanje, Frankryk, Italië en Japan toegeken is. Die vier nie-permanente setels is op 'n rotasiebasis toegeken aan die kleiner moondhede wat vir 'n tydperk van drie jaar deur die Vergadering verkies is.

---

52. Besonderhede oor die samestelling van die Permanente Mandatekommissie is verkry uit G.M. Cockram: South West African Mandate, pp.106-108 en N. Bentwich: The mandates system, pp.110-111, 113.

53. N. Bentwich: The mandates system, p.120.

Die Raad het die lede van die Permanente Mandatekommissie aangestel en die jaarverslae van die mandaathouers ontvang. Die Raad het op grond van die Permanente Mandatekommissie se verslag oor die mandaathouers se administrasie die nodige aanbevelings of waarnemings aan die betrokke mandaathouers bekendgemaak. Die Raad kon ook die mandaatbepalings modifiseer of sekere amendemente byvoeg en kon bepaal of 'n mandaatgebied ryp was vir die beëindiging van die mandaat.[54.] Die Raad was dus die beleidmaker ten opsigte van enige sake rakende die mandaatgebiede.[55.]

Die lede van die Vergadering van die Volkebond kon sake rakende mandaatgebiede opper tydens die bespreking van die Sekretaris-generaal se jaarverslag oor die werksaamhede van die Raad. Die Vergadering het dan die besondere saak na die Sesde Komitee verwys, wie se besondere taak dit was om politieke kwessies te hanteer. Die Vergadering kon dan ná die verslag van genoemde Komitee 'n resolusie aanvaar rakende die besondere saak in verband met mandaatadministrasie.[56.]

Die Sekretariaat was die hoofskakel tussen die Permanente Mandatekommissie, die Raad en die Vergadering. Dié liggaam het die administratiewe werk van die Permanente Mandatekommissie gehanteer deur onder andere die volgende te doen: bestudering van petisies vanaf die mandaatgebiede en verskaffing van resultate in dié verband aan die voorsitter van die Permanente Mandatekommissie; voorsiening van agendas vir die Kommissie se vergaderings; bestudering van die jaarverslae van mandaathouers en die opstel van 'n reeks vrae vir gebruik deur die Kommissie; persklaarmaking van die Kommissie se notules en sirkulering daarvan aan die kommissielede.[57.]

---

54. R.N. Cowdhuri: International mandates and trusteeship systems, pp.162, 164.
55. G.M. Cockram: South West African Mandate, p.104.
56. G.M. Cockram: South West African Mandate, p.104.
57. G.M. Cockram: South West African Mandate, pp.104-105.

Die Volkebond kon dus effektiewe beheer uitoefen oor die mandaathouers se administrasie deur middel van genoemde liggame. Die Permanente Mandatekommissie het die belangrikste rol in dié verband gespeel en word beskou as een van die suksesvolste internasionale instellings.[58.] Hall beweer tereg: "the Permanent Mandates Commission was unique in its combination of several factors - rapid maturity, the high level and continuity of its membership, the stability of its constitution, and the definiteness and certainty of its procedures."[59.]

## 2.5. BEëINDIGING VAN DIE SUIDWES-AFRIKA MANDAAT.

Die mandaat oor Suidwes-Afrika kon beëindig word wanneer die inwoners die ontwikkelingstadium bereik het dat hulle as 'n vrye, selfstandige staat hulself kon handhaaf. Die mandaat was dus tydelik van aard. Die verdere ontwikkeling van die Blanke Suidwesters, wat spoedig in staat sou wees om hulself te bestuur, sou nie die deurslag gee vir die beëindiging van die mandaat nie. Suidwes-Afrika sou dus eers aan die kenmerke van 'n selfstandige staat moes voldoen waarin al die inwoners sodanig ontwikkel het dat hulle hulself kon bestuur. Die mandaat was dus in die eerste instansie bedoel vir die ontwikkelende Nie-Blanke bevolking. Dit was dus die taak van die mandaathouer, die Unie van Suid-Afrika, om hulle tot onafhanklikheid op te voed. Die mandaat van die Unie oor Suidwes-Afrika was dus prakties gesproke permanent, aangesien die Nie-Blanke bevolking bitter ver was van staatkundige volwassenheid.[60.]

---

58. J.W.F. Pretorius: Die staatkundige ontwikkeling van Suidwes-Afrika ..., p.13.

59. H.D. Hall: Mandates, dependencies and trusteeship, p.50.

60. L.H. Wessels: Die mandaat vir Suidwes-Afrika, pp.131, 133.